LAERSKOOL BAANBREKER

LEERLINGRAAD

VERKIESINGSBELEID

INLEIDING:

Die verkiesing van Leerlingraadslede by Laerskool Baanbreker is ‘n deursigtige proses wat gebaseer is op die aantal stemme wat ‘n leerling behaal. Dit word wiskundig bereken en ‘n ouer mag, op afspraak, insae in sy eie kind se individuele punte, wat behaal is tydens stemming, bekom. Om verkies te word, moet ‘n leerling stemme versamel uit al die onderskeie afdelings.

AFDELING A

1. **Nominasies:**

   1.1. Gr.6–leerlinge nomineer ‘n maksimum van 20 leerlinge uit hul eie klas. Elke Gr.6-leerling ontvang ‘n klaslys waarop ‘n maksimum van 20 klasmaats genomineer word.

   1.2. Personeel mag ‘n maksimum van 20 leerlinge per klas nomineer.

   1.3. Die 20 leerlinge in elke Gr.6-klas met die meeste nominasies, se name word dan op ‘n gesamentlike groslys geplaas.
   ‘n Totaal van 60 name sal dan op die stembrief verskyn.

   1.4. Sien Afdeling D : Tugmaatreëls.

2. **Bekendstelling / Voorstelling:**

   Die 60 genomineerdes word, voordat die stemming plaasvind, aan al die stemgeregtigdes voorgestel.

3. **Stemming:**

   3.1. Gr.5- en 6-leerlinge stem vir ‘n maksimum van 36 kandidate.
   3.2. Personeel stem vir ‘n maksimum van 36 kandidate.

4. **Gewigswaarde:**

   4.1. Personeelstemme : 30%.
   4.2. Skoolbestuur: 20%
   4.3. Gr.5- en 6-leerlingstemme (gesamentlik) : 20%.

4.4. Leieridentifiseringskamp : 30%.

5. Die drie Gr.6-voogonderwysers tree op as verkiesingsbeamptes. Nadat die stemme getel is, word die stembriewe met die verwerkte resultate aan die hoofverkiesingsbeampte oorhandig. Die hoofverkiesingsbeampte met sy assistent behartig die personeelstemming.

6. Die Hoofverkiesingsbeampte en die assistent verkiesingsbeampte moet dan vier komponente soos vermeld in punt 4 hierbo, volgens die bepaalde gewigte verwerk.

7. Nadat bogenoemde afgehandel is, is 36 Leerlingraadslede wettig verkies.

AFDELING B - DAGBESTUUR / HOOFBESTUUR

1. Sodra die volle Verteenwoordigende Leerlingraad (VLR) saamgestel is, word die Dagbestuur verkies. Die Dagbestuur bestaan uit vier lede, nl. die Hoofseun en Onderhoofseun, die Hoofdogter en Onderhoofdogter, en is slegs verkiesbaar uit bogenoemde 32 lede.

2. **Die Dagbestuur word verkies deur**:

   2.1. Die Verteenwoordigende Leerlingraad: 30%.
   2.2. Die hele personeel: 30%.
   2.3. Skoolbestuur: 30%.
   2.4. Leierskamp: 10%.

3. Die Hoofverkiesingsbeampte en die assistentverkiesingsbeampte is verantwoordelik vir die verkiesing van die Dagbestuur.

AFDELING C - KOMITEEVOORSITTERS EN KOMITEES

1. Jaarliks word bepaal watter leerlingraadkomitees saamgestel moet word.

2. Personeelvoogde word vir elke komitee aangewys.

3. Tydens ‘n personeelvoogde-vergadering word die voorsitters vir die betrokke komitees uit die 36 verkose leerlingraadslede (die vier hoofleiers uitgesonderd) aangewys. Hierdie proses vind plaas op die basis van onderlinge ooreenkoms en/of onderhandeling.

4. Nadat al die komiteevoorsitters aangewys is, stel die komiteevoog (in samewerking met die komiteevoorsitter) die komitee uit Gr.5- en 6-leerlinge saam. Die getal lede van elke komitee wissel volgens behoefte.

5. Elke personeelvoog stel ‘n handleiding op t.o.v. :

   5.1. Vergaderings
   5.2. Pligte en verantwoordelikhede
   5.3. Werkswyse

AFDELING D - TUGMAATREëLS

1. Indien ‘n leerling twee (2) of meer **B-oortredings** gedurende die jaar begaan het, of die leerling het verskeie inskrywings in die dissipline-lêer, kan hy/sy hom-/haarself diskwalifiseer om **genomineer** te word. So ‘n leerling kan dan moontlik **nie** in aanmerking kom om genomineer te word met die oog op die verkiesing van die Leerlingraad nie.

2. ‘n **Leerlingraadslid** wat hom/haar herhaaldelik skuldig maak aan oortredings (volgens die Gedragskode vir Leerlinge) stel hom-/haarself bloot aan die volgende dissiplinêre optrede:

   2.1. **Twee (2) of meer B-oortredings:**
   Verskyning voor die Skoolbestuur.

   Optrede:
   Tydelike opskorting van Leerlingraadamp, soos besluit deur Skoolbestuur.

   Ouers word onmiddellik van besluit en optrede verwittig.

   2.2. **‘n C-Oortreding**:
   Verskyning voor die Skoolbestuur.

   Optrede:
   Skorsing as Leerlingraadslid.

   Ouers word onmiddellik van besluit en optrede verwittig.

SKOOLBESTUUR

2011

/m/Leerlingraad/Verkiesingsbeleid/2011